

8 April

Skrifgedeelte: Matteus 18:1-5
Fokusgedeelte: Matteus 18:4

Word nederig soos 'n kindjie ter wille van die koninkryk

Die dissipels het sekerlik verwag dat Jesus hulle as die belangrikste in die koninkryk sou aanwys. Hulle was immers die mense wat naaste aan Hom was, wat Hom orals gevolg het, al sy prediking gehoor en sy wonders gesien het. Maar tog het die dissipels nog nie verstaan dat Jesus se koninkryk anders as enige aardse koninkryk is nie. In 'n aardse koninkryk is die koning die belangrikste, maar sy adviseurs byna net so belangrik. As jy die oor van die koning het, oefen jy baie invloed uit en sal ander jou as baie belangrik beskou. Die dissipels het 'n aardse koninkryk in gedagte gehad toe hulle vir Jesus hulle vraag in vers 1 gevra het. En daarom sou Jesus se antwoord vir hulle 'n ontnugtering, selfs 'n skok, gewees het.

As antwoord roep Jesus 'n kindjie nader. Hierdie kindjie was nog klein, jonger as sewe. Jesus se dissipels sou kinders as 'n geskenk van die Here beskou het en geglo het dat jy as ouer sekere verantwoordelikhede teenoor jou kinders het, maar verder is geglo dat kinders eers eendag as grootmense iets sal beteken. Daar was nie 'n enkele eienskap eie aan kind-wees wat 'n volwassene sou wou begeer nie! Kinders was as die geringstes in die samelewing beskou, saam met slawe en tollenaars en prostitute. Hulle was uitgelewer aan hulle ouers en ander volwassenes. En nou sê Jesus dat mense wat soos kindertjies gering, nederig is, letterlik én figuurlik laer is as ander mense, die belangrikste in sy koninkryk is! Wat 'n ommekeer!

Jesus leer sy dissipels en vir jou dat nederigheid die belangrikste eienskap van die burgers van sy koninkryk is. Jy kan net die Koning, Jesus Christus, ontvang en in sy koninkryk ingaan as jy nederig is en jouself as laer as ander mense beskou.

Sing: Skrifberyming 2-2:1, 3

Dr. H Goede (Vereeniging-Oos)